5/21

www.Aalwyn nuusbrief .co.za

2021

Nuwe pryse, prysstrukture en koerierfooie sal op **1 September 2021** in werking tree. Neem asb. kennis van die nuwe pryse op die meegaande bestelvorm. Let ook op die nuwe prysstruktuur-aanpassings soos hieronder aangedui. Koerierfooie (waar van toepassing) sal verhoog van R110 tot R150. **Daar sal slegs 'n 10% verspreidervoordeel op bestellings met 'n herverkoopwaarde van minder as R500 wees**.

2020 → 2021-08-31 PRYSSTRUKTUUR	
Bestellingtotaal	Voordeel
R1 → R799	15% + Koerier
R800 → R1 299	26% + Koerier
R1 300 → R14 999	37%
R15 000 →	40%

2021 → 2022-08-31 PRYSSTRUKTUUR	
Bestellingtotaal	Voordeel
R1 → R499	10% + Koerier
R500 → R1 499	20% + Koerier
R1 500 → R4 999	37%
R5 000 → R8 499	38%
R8 500 → R11 999	39%
R12 000 →	40%

Hantering van persoonlike en betalingsinligting soos krediet-/debietkaartbesonderhede, is 'n redelike tameletjie. Heelwat Aloe Ferox-verspreiders verkies egter om hul kaartinligting direk aan ons te verskaf vir spoedige verwerking van betalings, maar daar is altyd risiko's hieraan verbonde:

1. Eposse kan tussen versender en ontvanger gekaap word.
2. Eposse kan gekaap word terwyl dit nog verwerk moet word.
3. Derde partye kan oproepe onderskep en daarop inluister.

Die risikopotensiaal is regtig baie groot!

Alhoewel ons steeds kaartbesonderhede sal verwerk, doen ons tog 'n beroep op alle verspreiders wat van hierdie metode gebruik maak, om groot asb. oor te skakel na EFT-betalings indien moontlik.

Nuwe produkte 2021

3 nuwe velsorgprodukte met uitstekende antimikrobiese werking (*AntiMicrobial* activity) t.o.v. aknee en ander veltoestande is onlangs ontwikkel. Die nuwe AM-produkte bevat spesifieke ingrediante wat mikrobiese aktiwiteit teëwerk en vernietig, veral waar bakterieë op die vel groei.

Die volgende is *standaard*-ingrediante van die AM-produkte:

- ✓ 100% varsgeperste *Aloe ferox*-blaarsap met baie heilsame eienskappe, insluitend velbevogtiging, verbeterde oplosbaarheid en penetrasie van ander ingrediante, ens.
- ✓ "Cetrimide" en "chlorhexidine gluconate" met sterk antiseptiese, antibakteriële en ontsmettende eienskappe.
- ✓ Laventelolie wat aknee-uitbrake kan stuit en ook help genees. Dit reinig porieë en verminder velinflammasie.
- ✓ Arganolie het die vermoë om die hoeveelheid sebum wat op die vel voorkom, te reguleer en sodoende te help met die behandeling van verskeie soorte aknee. Dit lei tot 'n gladder en meer egalige voorkoms.



1 *AM FACE WASH* – 100 ml vloeibare antimikrobiese gesigseep, geskik vir olierige en probleemvelle. *AM FACE WASH* bevat *sulfaatvrye* reinigingsmiddels vir sagte/irritasievrye reiniging. Afgesien van die *standaard*-ingrediante, bevat *AM FACE WASH* ook *Aloe ferox*-bitterblaarsap, wat antimikrobiese, antivirale en swamwerende eienskappe het.

BESTAANDE *FACIAL WASH BITTER* → NUUTGEFORMULEERDE *AM FACE WASH*

FACIAL WASH BITTER gaan binnekort deur die nuwe *AM FACE WASH* vervang word. *FACIAL WASH BITTER* sal nog beskikbaar wees totdat huidige voorrade uitverkoop is.

2 *AM ALOE GEL* – 75 ml antimikrobiese velsorgjel. *AM ALOE GEL* is ontwikkel as 'n meerdoelige gesig- en lyfjel wat die vel effens uitdroog om sekere veltoestande te help opklaar. Dit is dus geskik vir gebruik as daaglikse gesigjel, maar ook vir die voorkoming/behandeling van velprobleme. Buiten die *standaard*-ingrediante, bevat *AM ALOE GEL* ook vitamine E en squalane, met verskeie velbevogtiging-voordele.

V: So, wat presies is squalane/squalene? **A**: Squalene (met 'n "e") is lipiede wat natuurlik deur velselle geproduseer word. Ongelukkig neem die hoeveelheid squalene wat ons liggame produseer, af met ouderdom. Piekproduksie vind in die tienerjare plaas, en begin afneem in die 20's en 30's. Die vel raak gevolglik droër en growwer soos die ouderdom toeneem.

Gelukkig kom squalene ook in olywe, semels en suikerriet voor. Plantaardige squalene kan wel in velsorgprodukte gebruik word, maar dit moet eers gehidrogeneer word tot squalane (met 'n "a"). Hidrogenering is die proses waar onversadigde vette *versadig* gemaak word deur waterstofatome. Versadigde vette/olies is meer vel-vriendelik.

Squalane het baie voordele: dit bevogtig die vel, bevorder 'n jeugdige voorkoms, verlig die voorkoms van tydelike rooiheid, beheer velolie, verminder die voorkoms van fyn lyne, en nog baie meer. Dit hou ook vele langtermynvoordele in siende dat dit die vel se natuurlike olie naboots.

Nuwe produkte 2021

3

AM MOISTURIZER – 50 ml antimikrobiese gesigbevogtiger vir olierige en probleemvel. *AM MOISTURIZER* bevat farmaseutiese graad bentonietklei, wat uitstekend is vir olierige en akneevelle. Ons velle word voortdurend blootgestel aan plaagdoders, lood, spoormetale soos koper, en vele ander omgewingsgifstowwe. Hierdie gifstowwe kan in die liggaam ophoop en liggaamsfunksies negatief beïnvloed. Studies toon dat bentonietklei sulke gifstowwe kan absorbeer. 'n Goeie gesigbevogtiger met bentonietklei kan dus 'n veilige versperring tussen die vel en hierdie tipe gifstowwe vorm.

Benewens die *standaard*-ingrediante, bevat *AM MOISTURIZER* ook:

- ✓ Vitamine E-olie, soetamandelolie en jojoba-olie, wat akneetoestande kan verbeter.
- ✓ Allantoïen – 'n bevogtiger wat help om droë, growwe, skubberige en jeukerige vel, asook geringe velirritasies, te verminder en verhoed.
- ✓ Hydrolite 5 Green met velbevogtigende eienskappe asook antimikrobiese werking op die vel.

JASMINE HAND LOTION – 200 ml-bottel met pompaksie. Herhaaldelik gewaste hande lei uiteindelik tot droë, gebarste hande, wat tot die ontwikkeling van dié nuwe ligte, tog effektiewe handeroom gelei het. Die nuwe *JASMINE HAND LOTION* kan saam met enige pompaksie handewasseep soos bv. *JASMINE HAND WASH*, aangebied en verkoop word. *JASMINE HAND LOTION* is met jasmyn gegeur, wat dit lieflik na soet blomme en muskus laat ruik. Dit bevat verskeie bevogtiging- en versagmiddels, soos cetyl-alkohol wat help om growwe, droë vel sag en glad te maak.

Cetyl-alkohol is 'n organiese verbinding wat as 'n vetterige alkohol geklassifiseer word. Dit funksioneer as 'n versagter en bindmiddel in velsorgprodukte. Die naam cetyl-alkohol lei dikwels tot die wanopvatting dat dit uit alkohol (ethanol, IPA, ens.) bestaan wat die vel kan uitdroog, maar in werklikheid bevogtig dit die vel. Cetyl-alkohol help ook om die vel te beskerm teen irritasies, bakterieë en vogverlies. Hedendaagse cetyl-alkohol word van palmitiensuur, wat uit palmolie verkry word, geproduseer.

BESTAANDE *FOAMING CLEANSER* & BESTAANDE *FACIAL WASH REGULAR* ⇨ NUUTGEFORMULEERDE *FOAMING CLEANSER*

FOAMING CLEANSER en *FACIAL WASH REGULAR* sal binnekort saamsmelt in 'n splinternuwe, sulfaatvrye, vloeibare gesigseep. Die nuwe produk sal steeds bekendstaan as *FOAMING CLEANSER*. Die nuwe formule sal beskikbaar raak sodra voorrade van die huidige *FOAMING CLEANSER* uitverkoop is.

Nuwe produkte 2021

BODY BUTTER in 'n 150 ml-potjie word op 1 Oktober 2021 bekendgestel. Dit sal ook vanaf Oktober deel uitmaak van die Kersgeskenke. "Body butters" het 'n swaarder, romeriger tekstuur en is dus veral voordelig vir droë gedeeltes, soos elmboë, hande, bene en voete, maar kan oral op die liggaam aangewend word. Dit is meer doeltreffend om "body butters" saans aan te wend, wanneer die vel begin met daaglikse herstelwerk.

BODY BUTTER bevat verskeie plantaardige ingrediante, soos amandel-, klapper-, appelkoospit- en suurlemoenolie, asook sheabotter – vette wat uit die neute van sheabome onttrek word. Die vette (spierwit tot ivoorkleurig) het 'n romerige tekstuur wat maklik op die vel versprei. Die oorgrote meerderheid sheabotters is afkomstig van sheaboomneute uit Wes-Afrika. Die hoë konsentrasies vetsure en vitamines in sheabotter maak dit 'n ideale ingrediant om die vel sag en soepel te hou. Sheabotter het ook anti-inflammatoriese en genesende eienskappe. Sheabotter het 'n verfrissende/kalmerende uitwerking op die vel, veral op die gesig. *BODY BUTTER* is ryk en kan uitbrake veroorsaak indien dit oormatig op die gesig gebruik word.

DIEETVESEL

Daar is bykans geen wetenskaplike navorsing rakende die waarde van dieetvesel afkomstig van aalwyne, beskikbaar nie – veral nie van die *Aloe ferox*-spesie nie. Ons is dus baie opgewonde om (moontlik die enigste!) pioniers in dié veld te wees, en gaan binnekort 3 splinternuwe 100% varsgeperste *Aloe ferox*-dieetveselsappe loods. Die World Cancer Research Fund (WCRF) meen dat tot 45% van alle dermkankergevalle verhoed kan word deur 'n veselryke dieet, gesonde gewigshandhawing en genoegsame fisiese aktiwiteit. Die American Heart Association stel 'n eetplan voor wat 'n daaglikse inname van ±30 g dieetvesel (uit kosse soos groente, vrugte en plantmateriaal) insluit. Genoegsame daaglikse veselinname hou onsaglik baie voordele in, insluitend verlaagde bloedsuikervlakke. Hierdie splinternuwe *ALOE FIBRE JUICE* gaan in 3 variante beskikbaar wees:

- BANAPEARRY – 35 g oplosbare aalwynvesel per 500 ml-bottel, aangevul met gesuiwerde ondergrondse water. Dit is gegeur met nie-voedsame piesang- en aarbei-geurmiddels, sowel as peer- en stevia-ekstrakte. Dosis: 500 ml per dag of soos nodig om veselinname aan te vul.
- CONCENTRATE – 250 g ongegeurde, oplosbare aalwynvesel per 500 ml-bottel, aangevul met gesuiwerde ondergrondse water. Dosis: 70 ml per dag of soos nodig om veselinname aan te vul.
- BITTER – 35 g oplosbare aalwynvesel per 500 ml-bottel, aangevul met gesuiwerde ondergrondse water. Dit bevat ook stevia-ekstrak en 1% *Aloe ferox*-bittersap. Bittersap bevat aloïne wat as 'n lakseermiddel dien, en dus hardlywigheid behandel deur dermbeweging te stimuleer. Dosis: 10-30 ml behoort genoeg te wees om dermbeweging binne 6-12 ure te stimuleer.